

MEER OOR DIE ONTVANGERS (Maart 2018)

Die graad Doktor in die Wysbegeerte, (DPhil), *honoris causa*, aan Max du Preez

vir die inlui van 'n nuwe era vir Afrikaanse joernalistiek deur sy beginselvaste en waagmoedige ondersoekende joernalistiek, sy onwrikbaarheid as kritiese stem vir geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing, en sy voortgesette geloofwaardigheid as morele kompas op ons reis om ons demokrasie te beskerm.

Joernalis en kommentator Max du Preez dien as die nasie se gewete oor verskillende politieke stelsels heen. Van die apartheid-regime tot diegene wat deesdae die jong Suid-Afrikaanse demokrasie in gevaar stel – geen onreg ontsnap sy pen nie.

In die 1970's sluit Du Preez hom by *Die Burger* en later *Beeld* aan, maar is vroeg ontnugter deur die bondgenootskap tussen die Afrikaanse media en die destydse regerende Nasionale Party. Poste by Engelse publikasies daarná bevredig nie sy soeke na morele regverdiging nie. Sy ervaring as 'n afgevaardigde op die Dakarberaad in 1987 spoor hom uiteindelik aan om die onafhanklike koerant *Vrye Weekblad* as 'n alternatiewe Afrikaanse stem in die Suid-Afrikaanse medialandskap te stig.

Vrye Weekblad was 'n keerpunt – vir Afrikaanse teenstand teen apartheid én vreeslose verslaggewing in tye van onreg. Du Preez was die teiken van vele staatspogings om die koerant uit die weg te ruim, waaronder amptelike waarskuwings, onmoontlike finansiële eise, 'n bomaanval op die koerantkantore, en lastersake. Tog het hy en sy span voortgegaan om 'n nuwe nuusagenda te bevorder – in 'n verfrissende Loslitafrikaans.

Nadat *Vrye Weekblad* in 1994 sy deure moes sluit, gaan dié jukskeibrekerjoernalis voort om maghebbers met die waarheid te konfronteer, dié keer by die SAUK. Hy vervaardig die ondersoekende joernalistiekprogram *Special Assignment* en die weeklikse *Special Report on the Truth Commission* gedurende die verhore van die Waarheid-en-versoeningskommissie. Deesdae dui sy raak ontledings as onafhanklike kommentator steeds vir Suid-Afrikaners die rigting aan om ons duur verworwe demokrasie te beskerm.

Du Preez se waagmoedige joernalistiek het hom al verskeie eerbewyse besorg, soos dié van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Joernaliste, Harvard se Nieman-genote, die Suider-Afrikaanse Buitelandse Verslaggewerskorps en die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum.

Dikwels omstrede dog altyd geloofwaardig – Max du Preez se uitsonderlike aktivisme vir die waarheid verdien erkenning van die Universiteit Stellenbosch.

Die graad Doktor in die Teologie, (DTh), *honoris causa*, aan Musa W. Dube

vir die bekendstelling van 'n nuwe manier van Bybellees in die soeke na geregtigheid vir almal, waaronder Afrikavroue en nasies wat steeds die gevolge van kolonisasie dra, en die innoverende ontginning van haar dissipline om MIV en vigs in Afrika te bestry, synde 'n treffende voorbeeld van sosiaal betrokke vakkundigheid.

Haar gebruik van gevorderde kritiese navorsing sowel as inheemse hulpbronne uit haar Afrikakultuur om teologielesers die Bybel op verfrissende en verantwoordelike maniere te laat lees, maak professor Musa W. Dube, 'n postkoloniale feministiese teoloog van Afrika, die toonbeeld van sosiaal betrokke vakkundigheid.

Hierdie professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Botswana en merkwaardige dogter van die vasteland het haar as een van die voorste stemme in postkoloniale Bybeluitleg gevestig. Deeglik in voeling met die behoeftes van haar plaaslike omgewing, erken Dube in ál haar skryfwerk die belang van 'n voetsoolvlakuitleg van die Bybel, wat met die kultuur van Afrikalesers, veral vroue, erns maak. 'n Mylpaal in

dié verband was die publikasie van *Other Ways of Reading: African Women and the Bible* (2001) onder haar leiding, wat die unieke bydrae van Afrikavroue se teologieë toon. Haar deernis met die kontinent dien ook as dryfveer vir haar voorspraak vir 'n Bybeluitleg wat vir dekolonisasie as 'n onlosmaaklike deel van die bevrydingstryd voorsiening maak.

Daarbenewens kritiseer Dube vreesloos Afrikakerke se reaksie op MIV en vigs. Deur haar publikasies eis sy eerstens deurentyd rekenskap van kerke vir hulle onvoldoende reaksie op die pandemie. Met haar vreeslose uitspraak "Die kerk het vigs" in 2002 probeer sy Afrikakerke uitdaag om die grense van kerkverband in die stryd teen MIV en vigs in hulle gemeenskappe oor te steek. Tweedens moedig Dube Afrikakerke aan om te midde van die vernietigende uitwerking van die siekte lewe te verkondig deur versorging en deernis, die herintegrasie van persone met MIV en vigs by hulle gemeenskappe, en groter klem op die belang van antiretrovirale middels vir alle geaffekteerdes. Dertens is hierdie formidabele vakkundige 'n kampvegter vir die gebruik van sang, drama en digkuns in die stryd teen MIV en vigs, waarvoor sy die kulturele praktyke en mondelinge teologie eie aan Afrika ontgin.

Die Universiteit Stellenbosch is trots daarop om professor Musa W. Dube te vereer as teoloog, aktivis, wetenskaplike vir die samelewing, en onmiskenbaar Afrikaan.

Die graad Doktor in die Ingenieurswese, (DEng), *honoris causa*, aan Trueman Thandabantu Goba

vir sy voortreflike bydrae om nasionale sleutelinfrastruktuur te voorsien, sy kernrol in die ontwikkeling en transformasie van Suid-Afrikaanse siviele ingenieurswese, sy diens as 'n denkleier wat nasionale nywerheid bevorder, en sy belegging in die samelewing deur jong aspirant-ingenieurs die pad na sukses te wys.

Trueman Thandabantu Goba het naam gemaak as 'n leier in die Suid-Afrikaanse siviele-ingenieursbedryf – nie net as uitmuntende ingenieur nie, maar ook deur as mentor en rolmodel dié vakgebied vir minderbevoorregtes te ontsluit.

Hierdie boorling van Durban besit die graad MIng (Siviele Ingenieurswese) van Cornell-universiteit, Verenigde State, en is besonder vaardig op verskeie terreine, waaronder vervoer, vloeistofmeganika, geotegniese en strukturele ingenieurswese. Gevolglik het hy al tot menige bekroonde projek bygedra, soos die Nelson Mandela-brug (Johannesburg), die N4 Platinum-tolpad (Noordwes), die Bergrivierdam (Franschhoek), die Durbanse hawetonnel, die Tsitsarivierbrug (Oos-Kaap), en verskeie FIFA Wêreldbekerstadions in 2010.

Daarbenewens is Goba hooggeag as kampvegter vir aspirant- siviele ingenieurs uit benadeelde groepe. Grootliks danksy sy mentorskap spog die aansienlik getransformeerde Suid-Afrikaanse siviele-ingenieursbedryf deesdae met 'n aantal belowende, jong swart beroepslui, wat op hulle beurt hulle gemeenskappe deur noodsaaklike infrastruktuur ophef. Ter erkenning van sy bedryfsleierskap op 'n deurslaggewende tydstip van ons jong demokrasie is Goba in onderskeidelik 2002 en 2016 tot die eerste swart voorsitter van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs (SAICE) en die Suid-Afrikaanse Akademie van Ingenieurswese (SAAE) verkies.

Hy is immer oorgehaal om die samelewing te dien, en voorsien gesoute leierskap gedurende sy ministeriële aanstellings in die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (CIDB) en die Suid-Afrikaanse Ingenieursraad (ECSA). As 'n presidensiële aanstelling in die land se eerste Nasionale Beplanningskommissie, wys hy sy staal as 'n denkleier van formaat.

Onlangse eerbewyse wat sy verbintenis tot uitnemende en inklusiewe ingenieurswese erken, sluit in SAICE se goue medalje – hulle hoogste eerbewys – en 'n toekenning vir lewenslange prestasie by die Suid-Afrikaanse Professionele Dienste-prysgeleentheid.

Die Universiteit Stellenbosch salueer Trueman Goba as 'n ingenieur van nie net sleutelinfrastruktuur nie, maar van 'n ganse nuwe generasie impakryke beroepslui.

Die graad Doktor in die Natuurwetenskappe, (DSc), *honoris causa*, aan Peter Anthony Jones

vir sy internasionale baanbrekerswerk ter bevordering van die mediese wetenskap en tegnologie, sy ontdekking van epigenetika en vernuftige omskakeling van sy uitvindings in kliniese behandelings wat miljoene kanker pasiënte wêreldwyd nuwe hoop bied, en sy voorbeeld van die innoverende gees waarna elke US-student moet streef.

Deur die uitwerking van 5-azasitidien op sitosienmetilering te ontdek, en die verband tussen DNS-metilering, geenuitdrukking en -differensiasie te bepaal, het professor Peter Anthony Jones, een van die Universiteit Stellenbosch (US) se voorste voormalige akademici, die mediese wetenskap bevorder en nuwe hoop vir kankerbehandeling wêreldwyd geskep.

Dié Kapenaar van geboorte is deesdae Hoof Wetenskaplike Beampte en direkteur van die Sentrum vir Epigenetika by die Van Andel-navorsingsinstituut in Michigan. Hy ontvang sy PhD- en nadoktorale opleiding oorsee, maar keer terug om as hoofnavorsingsbeampte in die Eenheid Molekulêre en Sellulêre Kardiologie van die US se Fakulteit Geneeskunde te dien. Hier braak hy nuwe grond met die ontdekking van epigenetika, wat later die toekoms van kankerbehandeling sou verander.

Jones ontdek dat 'n middel wat destyds as "aza-c" bekend was gene in 'n basiese menslike sel aanskakel wat die sel in 'n spiersel verander. As dit moontlik is, het hy gedink, kan dit stellig ook gene in kancerselle aanskakel en dit weer gesond maak. In 2009, meer as 30 jaar later, doen die toonaangewende mediese tydskrif *The Lancet* verslag dat die oorlewingsyfer onder kanker pasiënte in 'n groot internasionale proef verhoog het van 26% op gewone chemoterapie tot meer as 50% op epigenetiese terapie met azasitidien. Nadat hy die waarde van epigenetiese terapie bewys het, werk Jones onverpoosd op soek na kliniese behandelings wat sy ontdekking op menslike kanker toepas.

Hierdie gevierde wêreldspeler is onlangs in die Amerikaanse Nasionale Wetenskapakademie verkies ter erkenning van 40 jaar se prestasies op epigenetiese gebied. Sy baanbrekerswerk het hom vele eerbewyse besorg, soos die Kankervereniging van Suid-Afrika se AG Oetlé-prys, die Amerikaanse Nasionale Kanker Instituut se toekenning vir uitnemende navorsing, en die erepenning van die Amerikaanse Kankervereniging.

Die US is trots op sy verbintenis met professor Peter Jones. Met sy innoverende werk ter bevordering van die mediese wetenskap op wêreldvlak toon hy nie net besondere vaardigheid nie, maar verander hy voortdurend mense se lewens.

Die graad Doktor in die Handelswetenskappe, (DCom), *honoris causa*, aan Mervyn King

vir sy uitsonderlike strewe na meer verantwoordelike, inklusiewe korporatiewe bestuur, sy bydrae tot die verbetering van korporatiewe deursigtigheid en openbaarmaking, sy klem op ondernemings se sosiale impak en langtermynvolhoubaarheid, en vir sy navolgenswaardige voorbeeld van betrokke burgerskap en verantwoordelike leierskap.

Sedert professor Mervyn King in die 1980's tot die handel toegetree het, het hierdie senior advokaat en voormalige regter van die hooggeregshof nie net verantwoordelike burgerskap en goeie korporatiewe beheer in Suid-Afrika help vestig nie, maar is hy ook 'n leier in die verbetering van korporatiewe deursigtigheid en openbaarmaking wêreldwyd.

Onder sy voorsitterskap het die King-komitee oor Korporatiewe Beheer in Suid-Afrika vier invloedryke verslae uitgegee. Dié het 'n goudstandaard vir goeie korporatiewebeheerpraktyke geword, en is by die noteringskriteria van die Johannesburgse Effektebeurs ingesluit. Die verslae, wat sir Adrian Cadbury in 2009 "die toekoms van korporatiewe beheer" genoem het, het vernuwings soos 'n klem op etiese leierskap, korporatiewe burgerskap, volhoubare verslagdoening en geïntegreerde verslagdoening bekend gestel.

Afgesien van sy invloedryke rol in die King-komitee, word hy ook in ander forums ewe hoog geag. In diens van die land en vasteland staan hy aan die stuur van die Venootskap vir Deursigtigheid Afrika en dien hy as 'n lid van die advieskomitee van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool se Sentrum vir

Korporatiewe Bestuurstoesig in Afrika. Op die groter wêreldverhoog is hy onder meer voorsitter van die Internasionale Raad vir Geïntegreerde Verslagdoening (IIRC), emeritusvoorsitter van die Wêreldwye Verslagdoeningsinisiatief (GRI), en 'n lid van die Wêreldbank se privaatsektoradviesgroep oor korporatiewe beheer.

Met sy voorspraak vir goeie korporatiewe beheer het hierdie bewame sakeman, skrywer en mediakomentator al vele internasionale eerbewyse ontvang – mees onlangs, in 2016, 'n prys vir lewenslange prestasie van die Internasionale Netwerk vir Korporatiewe Beheer, en die Orde van die Kremetart van die Sake-etieknetwerk van Afrika.

Die Universiteit Stellenbosch vereer graag professor Mervyn King vir sy voortreflike bydrae tot die bevordering van inklusiewe, verantwoordelike en verantwoordbare korporatiewe beheer. Hy vergestalt die tipe betrokke burger en verantwoordelike leier wat die Universiteit graag wil oplewer.

Die graad Doktor in die Teologie, (DTh), *honoris causa*, aan Thabo Cecil Makgoba

as die samelewing se morele kompas wat die waardes van menswaardigheid, wedersydse respek, geregtigheid en blywende vrede prakties uitleef, vir sy opregte verbintenis tot onderwys van gehalte vir almal, en sy bydrae om as nugter stem die samelewing sy weg deur onstuimige tye te help baan.

Thabo Cecil Makgoba word in 1990 tot priester gewy en in 2007 tot aartsbiskop van Kaapstad verkies – op 47 die jongste wat tot nog toe dié amp beklee. Sedertdien bevind hy hom op die wêreldverhoog. Op platforms soos die jaarlikse Wêreld Ekonomiese Forum neem hy 'n duidelike morele en etiese standpunt in oor verskeie hedendaagse wêrelduitdagings. Dit sluit in hoe om geloof in die ekonomie te herstel, politieke stabiliteit teweeg te bring, die volhoubaarheid van gemeenskappe, en 'n heroorweging van waardes in 'n krisisvoos wêreld. Sy vasbeslotenheid om die samelewing deur sy werk te verbeter, blyk duidelik uit sy studie oor spiritualiteit in die Suid-Afrikaanse mynbosektor, waarmee hy in 2009 'n PhD van die Universiteit van Kaapstad (UK) verwerf.

'n Opvallende kenmerk van Makgoba se diens as aartsbiskop is sy toewyding aan gelyke toegang tot onderwys vir almal. Juis daarom vervul hy gedurende die onlangse oproer by ons tersiêre instellings 'n kernrol met sy bedaarde, kalm teenwoordigheid. Hy sien toe dat die sinode van die Anglikaanse Kerk die hoëronderwyskrisis bespreek, en reik 'n verklaring van steun uit vir 'n heilsamer onderwysbestel vir die huidige generasie. Hy roep ook die kapelane en studente-leiers van Wes-Kaapse universiteite byeen sodat studente met die kerk oor hulle eise en kwessies kan gesels. Daarbenewens ondersteun hy die formele verhouding tussen die Anglikaanse Bisdom van Valsbaai en die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Teologie sonder voorbehoud.

By uitstek diensbaar aan die samelewing, is Makgoba beskermheer van 'n aantal organisasies sonder winsoogmerk, 'n leermeester oor etiese leierskap en voogdyskap vir MBA-studente aan die UK, en 'n voormalige kommissaris van die Persvryheidskommissie. Onder sy vele eerbewyse is die prestigeryke Kruis van St Augustinus, wat hy in 2008 vir uitsonderlike diens aan die Anglikaanse gemeenskap van die Aartsbiskop van Kantelberg ontvang.

Die Universiteit Stellenbosch erken aartsbiskop Thabo Cecil Makgoba as 'n voorbeeld van diensbare leierskap en 'n kalm teenwoordigheid wat die samelewing na 'n beter lewe vir almal help lei.

Die graad Doktor in die Handelswetenskappe, (DCom), *honoris causa*, aan Patrice Tlhopane Motsepe

vir sy besondere entrepreneursvernuif en innoverende sakepraktyke, sy voorbeeld van verantwoordelike korporatiewe burgerskap, etiek en verantwoordbaarheid, en sy onbaatsugtige steun vir lewensbelangrike sake in Suid-Afrika, Afrika én die wêreld om armoede, werkloosheid, ongeletterdheid en siekte te bestry.

Patrice Tlhopane Motsepe, stigter van African Rainbow Minerals (ARM), is nie net 'n sakeman van formaat nie, maar ook 'n voorbeeld van verantwoordelike korporatiewe burgerskap deur met maatskaplike beleggings minderbevoorregtes se lewens te verbeter.

Sy sakeprestasies is fenomenaal, waaronder die stigting van Future Mining en later African Rainbow Minerals Gold, 'n suksesvolle samesmelting met Harmony, wat uiteindelik tot 'n samesmelting met Anglovaal Mining lei. Sedert 2004 is Motsepe uitvoerende voorsitter van ARM en terselfdertyd lid van verskeie direksies, rade en verenigings, waaronder Sanlam, die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) se internasionale sakeraad en die Harvard-wêreldadviesraad.

Tog strek sy bydrae tot die samelewing veel verder as sake. As die eerste familie in Afrika om aan te sluit by die Giving Pledge – Bill Gates en Warren Buffet se uitdaging aan die wêreld se rykes om aan die armes te gee – belofte die Motsepes om 'n helfte van die opbrengs op hulle familiebates aan arm mense te skenk. Patrice doen daardie belofte deur die Motsepe-stigting gestand. Sedert 2013 is \$50 miljoen aan verdienstelike projekte toegeken. Internasionaal konsentreer hulle op navorsing vir 'n geneesmiddel vir MIV/vigs en kanker, natuurbewaring en omgewingsbeskerming. In Afrika het hulle onlangs Ebola help bestry deur ruim skenkings aan geaffekteerde lande en die Afrika-unie. Plaaslik beywer die stigting hom onder meer vir onderwys en leierskap, en staan 1 100 beurse van altesaam R100 miljoen vir tersiêre studie toe. Motsepe is ewe aktief as ondersteuner van sport, musiek en kuns, godsdiensige en nieregeringsorganisasies, en vrouesake.

Sy prestasies is al wyd erken, opmerklik ook deur sy portuur: Die uitvoerende hoofde van die voorste 100 maatskappye in Suid-Afrika het hom in 2002 as sakeleier van die jaar aangewys. Ander eerbewyse wat van sy omvangryke impak getuig, is die WEF-prys as wêreldleier van die toekoms, die Afrikaanse Handelsinstituut se MS Louw-prys vir voortrefflike sakeprestasies, die SA Jewish Report se spesiale direksieprys, en die BRICS-sakeraad se toekenning vir uitnemende leierskap.

Patrice Motsepe vergestalt etiese en verantwoordbare sake- en gemeenskapsleierskap wat die Universiteit Stellenbosch se hoogste eerbewys verdien.

Die graad Doktor in die Handelswetenskappe, (DCom), *honoris causa*, aan Jannie Mouton

vir sy ongeëwenaarde visie en sakevernuf, sy veerkragtigheid en volharding, sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie en samelewing, en sy onbaatsugtige belegging in onderwys van gehalte vir huidige en toekomstige geslagte, waarmee hy volgehoue uitnemendheid by sy alma mater ondersteun.

Afgesien van sy reputasie as een van die suksesvolste sakelui wat die land tot nog toe opgelewer het, belê Universiteit Stellenbosch- (US-)alumnus Jannie Mouton ruimhartig in huidige en toekomstige geslagte se opvoeding.

Hierdie gekwalifiseerde geoktrooieerde rekenmeester, wat oor die grade BCom en BCom Honneurs (Ekonomie) beskik, word in 1982 medestigter en besturende direkteur van Senekal Mouton & Kitshoff, wat later by die beursnotering van onder meer RMBH, M-Net, Naspers en Richemont betrokke sou wees. Tog neem sy lewe 'n onvoorsiene wending toe die firma hom in 1995 afdank. Mouton – die toonbeeld van selfgedreweheid – gebruik sy ontslag as 'n geleentheid om te besin. Dit word die stukrag wat hom later daardie jaar die beleggingsreus PSG Groep laat stig deur op 48-jarige ouderdom die beheerende aandeel in die destydse PAG te verkry. Ná 'n beskeie begin bou dié seun van 'n winkelier die PSG Groep – 'n maatskappy wat in finansiële dienste, bankwese, privaat aandele, landbou en onderwys belê – uit tot waar dit deesdae 'n saamgestelde opbrengs van bykans 50% per jaar aan aandeelhouers voorsien en met bates en markkapitalisasie van meer as R50 miljard spog.

Maar sy uitsonderlike sukses ten spyte, bly Mouton terdeë bewus van sy verantwoordelikheid om terug te gee. In 2007 skenk hy persoonlik 100 000 PSG-aandele aan die US, en 'n verdere 100 000 deur die PSG Groep. Die opbrengs op hierdie aandele van R50 miljoen word vir lening- en beurssteun vir verdienstelike studente gebruik. Daarbenewens skenk Mouton in 2016 weer R50 miljoen vir die US se nuwe Leer- en

Onderrigsentrum. Die sentrum, waarvan die eerste sooi vroeër vanjaar gespit is, sal US-studente 'n hipermoderne leer- en onderrigomgewing bied.

Hierdie vereerde sakemagnaat en filantroop se werk is al met vele toekennings bekroon, waaronder die prys vir Wes-Kaapse Sakeleier van die Jaar, die All Africa-sakeleiersprys en die Ernest & Young-toekening vir lewenslange prestasie.

Jannie Mouton, 'n leier op sy gebied en diensbaar aan die samelewing, vergestalt ál die kenmerke van 'n US-gegradueerde. Ons verleen graag ons hoogste eerbewys aan hom.

Die graad Doktor in die Natuurwetenskappe, (DSc), *honoris causa*, aan André E. Nel

vir sy veelvuldige hoëvlak- en immer uitnemende bydraes tot die wetenskap van nanogeneeskunde, allergie en immunologie, wat nie net die mediese wetenskap en tegnologie wêreldwyd bevorder nie, maar 'n voortgesette tasbare impak het om die wêreld veilig, gesond en omgewingsvriendelik te maak.

Universiteit Stellenbosch- (US-)alumnus professor André E. Nel het met lewenslange toewyding aan mediese navorsing groot vooruitgang in die wetenskap van nanogeneeskunde, allergie en immunologie bewerkstellig.

Gedurende studie vir sy MB,ChB, MMed (Interne Geneeskunde) en MD het sy prestasies aan die US hom groot lof besorg, waaronder die goue medalje vir beste MB,ChB-student, die Hoeschtprys vir belowendste finalejaar- mediese student en die Dekansmedalje vir beste finalejaar- kliniese assistent. Deesdae is dié gevierde vakkundige 'n uitgelese professor aan die Universiteit van Kalifornië (UCLA), waar hy hoëvlakbydraes tot die wetenskap en samelewing lewer. Nel het UCLA se Afdeling Nanogeneeskunde gestig, en is tans direkteur van die Sentrum vir die Omgewingsimplikasies van Nanotegnologie, 'n fasiliteit van \$50 miljoen met finansiering van die Amerikaanse Nasionale Wetenskapstigting (NSF) en die Omgewingsbeskermingsagentskap. Hier bestudeer hy verantwoordelike nanotegnologiegebruik sodat gemeenskappe wêreldwyd steeds die voordele daarvan kan geniet sonder om die omgewing te benadeel. Verder is hy 'n leier in die ontwikkeling van nanogeneesmiddels vir pankreaskanker, waar navorsingsdeurbrake gelei het tot 'n beginbesigheid.

Weens sy spesialisvaardighede is hy aangestel in die evalueringspaneel van die Nasionale Nanotegnologie-inisiatief (NNI) vir die Amerikaanse presidensiële wetenskap-en-tegnologieadviesraad, sowel as 'n uitgelese NSF-paneel wat 'n omvattende regeringsvisie vir die ontwikkeling van Amerikaanse nanotegnologie-navorsing vir die volgende dekade moes saamstel. Namens die Nasionale Gesondheidsinstitute en NNI het hy samewerkende navorsingsooreenkomste met Japan, die Chinese Wetenskapakademie en Rusland onderteken. Dié mederedakteur van die toonaangewende internasionale vaktydskrif *ACS Nano* en gewilde spreker het al meer as 300 invloedryke publikasies die lig laat sien. Sy navorsing is die toonbeeld van relevansie vir die daaglikse lewe en het reeds op etlike patentaansoeke uitgeloop.

Eerbewyse vir Nel se wetenskaplike uitnemendheid is volop. Dié lid van die portuurverkose Beste Dokters van Amerika is onder meer die ontvanger van die goewerneursprys vir ekonomiese en omgewingsleierskap, Kalifornië se hoogste eerbewys op omgewingsgebied.

Ons is trots daarop om professor André Nel te vereer – met sy wortels op Stellenbosch, werk hy nou vir die wêreld.

Die graad Doktor in die Opvoedkunde, (DEd), *honoris causa*, aan Brian Percival O'Connell

vir sy onvermoeide werk om sy instelling as een van die bestes in Afrika te vestig, sy toewyding aan die volle spektrum van Suid-Afrikaanse onderwys, en sy visionêre leierskap in die sektor in die geheel om te sorg dat onderwys nooit weer net 'n bevoorregte paar beskore is nie.

Professor Brian Percival O'Connell is 'n formidabele leier op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse onderwyssektor.

Hy begin as onderwyser in Ravensmead en vorder tot die eerste superintendent-generaal van Wes-Kaapse onderwys in die demokratiese bedeling. Hier jaag hy skoolonderwys van gehalte na deur onder andere die verskillende apartheidsonderwysdepartemente saam te voeg en toesig te hou oor die Wes-Kaapse implementering van die eerste Witskrif oor Onderwys en Opleiding ná apartheid.

O'Connell verruil skoolonderwys vir die hoëronderwysfeer en klim die leer totdat hy uiteindelik aangestel word as rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) – 'n pos wat hy van 2001 tot sy uittrede in 2014 beklee. Onder sy leiding het die UWK 'n leier in Afrika geword. Dit word konsekwent as een van die vasteland se tien beste universiteite beskou, wat die belang onderstreep van O'Connell se vasberadenheid om 'n samesmelting met Peninsula-technikon vroeg in die jare 2000 te voorkom.

Aan't worstel met die veranderinge van 'n Suid-Afrika ná apartheid, het 'n drastiese daling in studentegetalle die UWK in 'n finansiële verknorsing gedompel. Oortuig dat die instelling se tyd verby is, het die nuwe regering besluit om die instelling met Peninsula-technikon te laat saamsmelt. O'Connell voorkom in dié tyd gewelddadige teenstand teen die staat. Deur gesprek oortuig hy die regering van die waarde van die UWK-handelsmerk, wat bekend is vir sy bydrae tot die vryheidstryd. Deur onvermoeide werk ontwikkel hy die UWK tot die vooraanstaande hoëronderwysinstelling van vandag – werk wat hom in 2013 die Belgiese titel van Bevelvoerder van die Orde van Leopold besorg vir sy bydrae tot sterker bande tussen die UWK en België, maar veral ook tot 'n algeheel sterker UWK-teenwoordigheid in plaaslike en internasionale verband.

O'Connell dien boonop die samelewing in die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, as voormalige voorsitter van die Nasionale Toegangskonsortium Wes-Kaap en die Gemeenskapskas, en huidige voorsitter van die Instituut vir Geregtheid en Versoening.

Dit is vir die Universiteit Stellenbosch 'n eer om Brian O'Connell as visionêre onderwyskundige en denkleier van formaat te erken.

Die graad Doktor in die Wysbegeerte, (DPhil), *honoris causa*, aan Sandra Prinsloo

vir haar blywende impak op plaaslike kuns en kultuur as teater-, rolprent en televisie-ikoon, haar bydrae tot die vestiging van die Suid-Afrikaanse kultuurskat, en die benutting van haar vaardighede om waarde toe te voeg tot die lewens van kwesbare groepe in die samelewing.

Met 'n roemryke loopbaan van 50 jaar is aktrise Sandra Prinsloo 'n ware legende. Van boeiende vertolkings in gewilde dramas tot haar voordrag van Antjie Krog se gedig "Die kind" by president Nelson Mandela se inhuldiging, is sy onder die beste kunstenaars wat dié land al opgelewer het.

Prinsloo se loopbaan kry vaart met verhoogverskynings in dramas soos *The Crucible*, *Cat on a Hot Tin Roof* en *People are Living There*. Haar vertolking van uitdagende klassieke rolle soos Hedda Gabler, Cleopatra, en Tiemie in *Siener in die Suburbs* vestig haar gou as 'n formidabele aktrise. Gedurende apartheid veroorsaak sy 'n herrie toe sy die swart akteur John Kani op die verhoog soen in *Miss Julie*, wat openbare verontwaardiging en selfs doodsdreigemente ontlok. Met die aanvang van Suid-Afrikaanse televisie begin Prinsloo moeiteloos in dié nuwe medium werk, en verskyn sy in etlike reekse en rolprente. Sy is ewe bekwaam as regisseur en is verantwoordelik vir meer as 20 voortreflike produksies, waaronder bekroonde verhoogproduksie, *Moedertaal* hier by die Woordfees. Haar talent word ook oorsee waardeer, waaronder in die klassieke prente *The Gods Must Be Crazy* en *Tigers don't Cry*. Haar solospel in *The Sewing Machine* ontvang vyfster-resensies by die Edinburgh-kunsteffes in 2013, benewens die nege pryse wat sy plaaslik daarmee losslaan.

Weg van die swier en glans gee Prinsloo aktief terug aan die samelewing. Dít doen sy deur lidmaatskap van die direksie van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans die afgelope 20 jaar, beskerming van die Help Seniors-organisasie, motiveringspraatjies vir vroue en kinders, en haar eie bedryfstetermaatskappy wat hom vir werkplekveiligheid en die opheffing van agtergestelde gemeenskappe beywer.

Buiten verskeie bedryfstoekennings ontvang sy in 2014 die Orde van Ikhamanga vir die bevordering van Suid-Afrikaanse uitvoerende kunste, 'n prys van die Soweto Blue Fountain-klub vir haar bydrae tot die swart rolprentwese, en vyf lewensprestasiestoekennings, onder meer van die Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Wes-Kaapse regering.

Die Universiteit Stellenbosch vereer Sandra Prinsloo graag vir haar lewenslange bydrae tot Afrikaans, die uitvoerende kunste en die kultuurskat van ons land.

Die graad Doktor in die Natuurwetenskappe, (DSc), *honoris causa*, aan Imtiaz Ismail Sooliman

vir die stigting van Gift of the Givers as 'n uitnemende werktuig vir noodleniging en hoop, die behendige toepassing van sy mediese opleiding om rampgeteisterde en kwesbare mense se lot te verbeter, en sy leierskap om ander te inspireer om ook die samelewing te dien.

Dr Imtiaz Ismail Sooliman en sy organisasie Gift of the Givers is sinoniem met noodleniging en hoop plaaslik en in die buiteland.

Sooliman, 'n MB,ChB-gegradueerde, het Gift of the Givers, deesdae die grootste nieregeringsorganisasie in Afrika, in 1992 gestig om alle mense, ongeag ras, kleur, geloof en geografiese ligging, onvoorwaardelik en met deernis en respek vir menswaardigheid te dien.

Die organisasie, wat uitsluitlik op skenkings deur gewone Suid-Afrikaners staatmaak, het die Bosniese konflik as eerste projek aangepak. Hier lewer Sooliman 780 ton materiële bystand af en ontwikkel hy 'n innoverende, selfstandige mobiele hospitaal uit vraghouders, met plek vir 130 pasiënte. Hy ontvang weinig internasionale steun en verkoop sy huis en sit sy lewenspolisse om in kontant om die hospitaal in bedryf te stel. Daarna skep hy soortgelyke gesondheidsorgklinieke uit vraghouders, wat hy in landelike gebiede van Suid-Afrika en Malawi plaas om maklike toegang tot sorg te bied. In die jare daarna reageer Gift of the Givers op die een internasionale ramp na die ander en voorsien bystand gedurende vloede, aardbewings, vulkaanuitbarstings, bomaanvalle, burgeroorloë en hongersnood wêreldwyd. Teen 2014 is Sooliman so gekonfyt in onderhandeling en die hantering van burokrasie dat hy 'n kernrol vervul om Pierre Korkie van Al-Qaeda-militante te probeer bevry, maar dit word op die nippertjie deur Amerikaanse inmenging in die wiele gery.

Altyd op soek na maniere om beter bystand te verleen, stig Sooliman die Onderwyssteunprogram, die Jumpstart-entrepreneursprogram en, saam met sy vrou Zohra, die krisisdien Careline. Daarbenewens ontwikkel hy die voedingsaanvulling Sibusiso, wat rampgeteisterde groepe noodsaaklike mikrovoedingstowwe bied.

Eerbewyse vir sy merkwaardige prestasies sluit in die Presidensiële Orde van die Ster (1993), die Orde van die Kremetart (2010) en 'n toekening van die Pakistanse president Pervez Musharraf (2006).

Dr Imtiaz Sooliman se strewe om, ondanks uitdagings en gevaar, kwesbare mense te help, en sy vermoë om ander te inspireer om óók hulle medemens te dien, is kenmerkend van 'n leier wat erkenning van die Universiteit Stellenbosch verdien.

Die graad Doktor in die Regsgeleerdheid, (LLD), *honoris causa*, aan Christine van den Wyngaert

vir haar voortrefflike bydraes tot menseregte en internasionale strafreg as 'n regter in internasionale howe en tribunale, haar akademiese stiptheid in die publikasie van invloedryke naslaanwerke oor die straf- en

internasionale strafreg, en waardetoevoeging tot die Universiteit Stellenbosch se regs aanbod deur haar jare lange verhouding met die instelling.

Die Belgiese barones Christine van den Wyngaert word hoog aangeslaan in internasionale akademiese en regsringe, en benut hierdie hoë aansien om waardevolle bydraes tot die Universiteit Stellenbosch (US) te lewer.

Hierdie voormalige regsprofessor aan die Universiteit van Antwerpen se verskeie publikasies oor die straf- en internasionale strafreg word internasionaal geraadpleeg, en baie daarvan dien as standaardnaslaanwerke by universiteite wêreldwyd. Daarbenewens geniet sy groot erkenning vir haar uitgebreide regterlike ervaring. As ad hoc-regter in die Internasionale Geregshof, het haar minderheidsmening in *Democratic Republic of Congo v. Belgium* tot 'n beter begrip gelei van die internasionale strafreg se rol om strafloosheid vir menseregteskendings te beëindig. Ná haar daaropvolgende diens in die regbank van die Internasionale Straftribunaal vir die Voormalige Joego-Slawië is sy in 2010 tot regter in die Internasionale Strafhof (ICC) verkies, waar sy tans in die appèlafdeling dien. Met haar uittrede by die ICC vanjaar sluit sy haar by die Kosovo-spesialishof in Den Haag aan. Ter erkenning van haar statuur as akademikus en internasionale regter het sy die titel van barones van die koning van België, 'n goue medalje van die Vlaamse regering sowel as die prys van die Menseregteliga (België) ontvang, en is sy tot ondervoorsitter van die Internasionale Vereniging vir die Strafhof verkies.

Haar rol as vennoot van die US se Fakulteit Regsgeleerdheid sedert 1997 is van onskatbare waarde: Sy help vestig internasionale strafreg as 'n volwaardige nagraadse module in die Fakulteit – 'n eerste vir Suid-Afrika – en verseker 'n aansienlike versameling kernmateriaal vir die regsbiblioteek. Hierdie bydraes, tesame met haar mentorskap, help posisioneer die US as 'n voorkeurbestemming vir gevorderde navorsing oor die internasionale strafreg in Suid-Afrika en op die vasteland. Nagraadse regstudente vind boonop baat by dié US-ereprofessor se jaarlikse seminare.

Die Universiteit Stellenbosch vereer barones Christine van den Wyngaert. Deur haar kundigheid oor die internasionale strafreg ruimhartig met ons te deel, verryk sy die US se regs aanbod aan studente van binne én buite Suid-Afrika.